**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

CACHET APTEEK
Chemists PLUS apteke
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

JAARGANG XXXV NOMMER 19 26 SEPTEMBER 1980

## • *Rektor het nie ingemeng*

# Rusverstoring oorsaak vir dansverbod

— Petro Malan —

**DAAR is gerugte op die kampus dat die rektor, prof Tjaart van der Walt, die eienaars van die Mothsaal gevra het om georganiseerde danse deur die studente te verbied. Die rektor sê egter dat die eienaars self besluit het om dit te verbied, nadat daar klagtes oor openbare rusverstoring was.**

Die organiseerders van die dans, wat nie hulle name genoem wil hê nie, sê hulle verkwalik die biertuin wat tydens die "Groot Brag" gehou is. Daar is nie kontrole uitgeoefen nie en drank is misbruik.

Studente wat onder die invloed van drank was het by die dans opgedaag. Die probleme het begin nadat die verkeerspolisie om 23h30 kaartjies uitgeskryf het aan studente wat onwettig parkeer het.

Die organiseerders sê daar was voorheen geen klagtes oor die danse nie. Hulle is deur die eienaars gelukgewens oor die ordelikheid wat daar geheers het. Daar was ook geen klagtes oor 'n dans wat 'n week later in die Mothsaal gehou is nie.

Prof Tjaart van der Walt sê dit is die eienaars se goeie reg om tot so 'n besluit oor te gaan. Hy plaas geen verbod op dans buite die kampus nie, mits die studente hulle gedra.

Hy sê die studentemassa lei weer eens onder 'n paar rusverstoorders. Organiseerders moet self die skuldiges vasvat, want dit dra 'n swak beeld van die PU uit.

Die polisiehoof het aan die Rektor gesê dat hy teen rusverstoorders gaan optree. Dieselfde reël geld ook by hotelle waar soortgelyke rusverstoring voorkom.

Die menings van 'n paar studente is ingewin:

SAKKIE VAN ZYL, LLB II-student, se mening is dat dans in die Mothsaal moet voortgaan omdat dit goeie ontspanning bied aan die studente. Die mees geslaagde danse is hier gehou en studente het hulle nog altyd goed gedra. Dis ook buite die kampus en hy beskou dit nie as oortreding van die reëls nie.

SAKKIE VAN ZYL, LLB II-student, se mening is dat dans in die Mothsaal moet voortgaan omdat dit goeie ontspanning bied aan die studente. Die mees geslaagde danse is hier gehou en studente het hulle nog altyd goed gedra. Dis ook buite die kampus en hy beskou dit nie as oortreding van die reëls nie.

HENNIE BEZUIDENHOUT, 'n BA II-student sê dit was tot dusver die enigste ordentlike plek vir die studente om te gaan dans. Ander plekke wat danse aanbied is die disco's en hotelle waar drankmisbruik aan die orde van die dag is. Sommige hotelle bied soms goedgeorganiseerde danse aan, maar dit is baie min en kan dus nie in die studente se behoeftes voorsien nie.

JAN VAN DER WALT, SSR-lid vir ontspanning, sê dit is die eienaars se reg om oor hulle eiendom te besluit. Die probleem van ontspanning geniet op die oomblik aandag. Daar word gepoog om in die plek van dans buite die kampus, ontspanning op die kampus te kry.

## Lentefees met rugbydis

**DIE jaarlikse Lentefees vind op Maandag 29 September om 16h30 op die Fanie du Toit-sportterrein plaas.**

Die hoofdis op die program is 'n uitdaag-rugbywedstryd tussen Caput en die kampioenkoshuis van Tukkies om 16h30 op die A-veld.

Die res van die program sal uit die volgende kompetisies bestaan:

Twee kandidate uit elke manskoshuis sal deelneem aan 'n mnr Pukbaard-kompetisie wat beoordeel sal word deur die primarii van die dameskoshuise. Toutrekspanne van mans- en dameskoshuise sal ook hulle sweet gaan sweet. Dames sal grenspakkies maak om aan die Weermag te oorhandig.

Daar sal geen kos by die koshuise se eetsale beskikbaar wees nie, maar die spyskaart by die massa-ete sal bestaan uit vleis, wors, brood, lemoensap en melk. Daar sal ook bier beskikbaar wees.

## Eksamen inskrywings

**ALLE eksameninskrywings is nog nie afgehandel nie. Baie studente het nie voor 12 September ingeskryf nie. 'n Boete van dertig rand sal teen studente gehef word wat nie voor die genoemde datum ingeskryf het nie. Die finale datum vir inskrywings is 26 September.**

## Klasgeld

**Die Raad van die Universiteit het verhoging van die klasgeld vir 1981 oorweeg en aan die Dagbestuur van die Raad opgedra om 'n finale besluit oor klasgeld op gedifferensieerde basis te neem.**

Besonderhede oor die klasgeld vir 1981 sal later beskikbaar gestel word.

## Lenings

**DIE sluitingsdatum vir aansoeke van universiteitsbeheerde lenings en beurse is 30 September. Laataansoeke sal op meriete beoordeel word. Dit sluit nie merieteprestasiebeurse in nie.**

## Personeel in botsing betrokke



• *Die PU het 'n skenking van R3 000,00 van Sharp Electronics gekry om koshuisrugby te verbeter. Sharp Electronics se voorsitter, mnr Colly Fran oorhandig hier die tjek van R3 000,00 aan die rektor, prof Tjaart van der Walt, terwyl prof Willem Scott toekyk.*

*(Sien berig op bladsy 8)*

**'n GROEP van veertien dosente van die Departement Biblioteekkunde was die afgelope naweek in 'n botsing op pad na 'n SAIBI-konferensie in Kaapstad betrokke.**

Die ongeluk het naby Joubertina gebeur toe 'n Volkswagen met twee insittendes buite beheer geraak het en teen die bus gebots het. Die insittendes, twee Kleurlinge, is op slag dood.

Die bussie waarmee die dosente gereis het, het omgeslaan en is onherstelbaar beskadig. Niemand is ernstig beseer nie en 'n bus van Kaapstad het die groep op George ontmoet, waarvandaan hulle na Kaapstad is om die weeklange konferensie by te woon.

## AWB bedrywig op kampus

**MNR EUGENE Terre Blanch, leier van die AWB (Afrikaner Weerstands Beweging), het op uitnodiging die koshuisgangers toegespreek en inligting oor die Beweging aan hulle verskaf. Die vergadering het op Dinsdag 16 September plaasgevind.**

Die aanbieders het die vergadering sonder medewete van die SSR gereël. Die Studenteraad verwelkom sulke inisiatief, maar betreur dit dat die regte prosedure nie gevolg is nie.

Mnr Terre Blanch het op die vergadering genoem dat hy by die SSR gaan aansoek doen vir funksioneringsreg vir die AWB op die PU-kampus.

In die lig hiervan het die SSR dit goedgedink om tydens 'n Kontakpolitiek vergadering aan die AWB 'n geleentheid te gee om hulle saak te stel. Dit sal nie 'n geslote vergadering tussen die SSR en die AWB wees nie.

## Vasvraprogram nie op TV

# Pukke vaar goed

**Die Pukke het besonder goed vertoon in die TV-vasvraprogram "Waar is ons?" wat vroeg in Augustus in Johannesburg opgeneem is, maar nooit gebeeldsaai is nie.**

So sê Gert Coetzer, sekretaris van die vorige studenteraad wat die organisasie daarvan behartig het. Volgens hom het die Pukke "baie goed gevaar en goed gereageer in vergelyking met die RAU-span."

Die Pukke, Deon Meyer van Hombré en Helen van Coller van Kasteel, albei derdejaar geskiedenisstudente, het van die eerste vraag af goed gevaar en uiteindelik met 61 teenoor 23 gewen. Hulle het ook al die pryse ingepalm.

In die gehoor was daar minder as tien RAU-studente en meer as vyftig van die PU. Volgens mnr Coetzer het dit 'n baie goeie indruk geskep.

Die Wapad het mnr Mike Heine, die regisseur van die program, genader om uit te vind hoekom die program nie op die geskeduleerde tyd gebeeldsaai is nie. Volgens hom was die program tegnies onaanvaarbaar en was daar "onderliggende redes waaroor 'n mens nie graag praat nie".

Mnr Heine het laat weet dat die deelnemers van die program weer genader sal word vir nog 'n probeerslag.

## Hulpprojek

**HULPPROJEK bied 'n gulde geleentheid aan studente om naastediens te lewer wanneer hulle van 28 November tot 10 Desember 'n besoek aan Tzaneen bring.**

Die feit dat daar twee kerke te bou is en nog een om te voltooi, spel baie harde werk waarvoor ongeveer vyftig persone benodig word. Die koste bedra R25,00 per persoon en daar kan geskiet word tussen 29 September en 3 Oktober van 13h00 tot 14h00 voor die kafeteria.

Kom skiet betyds en maak deel uit van hierdie puik onderneming.

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

## Kunsvereniging beleef onvergeetlike toer

**DIE Kunsvereniging het Maandag 15 September, 'n onvergeetlike toer na Pretoria onderneem.**

Die Tukkies se studentekunsuitstalling is besigtig en die algemene indruk van die uitstalling lewer 'n gevoel van oorspronklikheid, individualiteit en bemeestering van verskillende media en tegnieke. Veral die ontwerpkuns-afdeling dra groot meriete. In die uitstalling word klem gelê op probleemstelling, die oplossing van die probleme en praktiese uitvoerbaarheid van idees.

Prof Roos, hoof van die Kunsdepartement van die Universiteit van Pretoria, het die toergroep deur die ateljees geneem. 'n Vergelyking tussen Tukkies en PU kan nie getref word nie, omdat benaderingswyses verskil.

Tukkies is meer kommersieel en prakties ingestel as die PU.

Mev Titia Ballot se uitstalling van grafiese werk is besigtig in die Volkskasgebou. Die tema van die uitstalling is Ruimte en Tyd. Die gebruik van fossiele en geraamtes speel 'n baie belangrike rol. Die veelsydigheid van die grafiese tegnieke is merkbaar, deurdat een idee se potensiaal op verskillende wyses in 'n kunswerk ontbloot is.

Die kunsvereniging beplan meer aksies waarvan 'n toer Kaap toe moontlik die hoogtepunt is.

## Kunskalender

OUDITORIUM: Die Kingsingers tree Woensdagaand 1 Oktober om 20h00 in die ouditorium van die Studentesentrum op.

PU KAMERTONEEL: Die Dept. Spraakleer en Drama bied vanaf 29 September tot 3 Oktober om 18h30 "Lentevonkel" in die foyer van die PU Kamertoneel aan. Ralph Rabie o.l.v. Joe Coetzee sing "luisterliedjies van oraloor". Kaartjies is beskikbaar teen R1,50.

POTCH INRY: Vrydag 26 tot Saterdag 27 September. 1ste vertoning (19h00) "Double take" met Tony Curtis in die hoofrol. 'n Film waarin die dobbelwêreld met sy kullery en bedrog uitgebeeld word.
2e vertoning (21h00) "Old boyfriends" met Talia Shire in die hoofrol. Die storie van 'n meisie se kêrels van haar jeug. Die een was haar leermeester, die een het haar verkul en die ander ou het haar lief gehad!

STER-KINEKOR TEATERS: Vrydag 26 en Saterdag 27 September. Kine 1: "The gods must be crazy" met Marius Weyers en Sandra Prinsloo in die hoofrolle. Hierdie film is weereens 'n treffer van Jamie Uys.
Kine 2: "Can't stop the music" waarin Village People se geskiedenis en hul opkoms uitgebeeld word.

## *Moeite loon sukses*

# Alabama bou PU-beeld

— A van der Werken —

**EN weereens was die Potchefstromers weer so bevoorreg om Alabama in die ouditorium te kan sien optree. 'n Mens het dan ook weer opnuut onder die besef gekom van die geweldige omvangrykheid wat met so 'n produksie gepaard gaan.**

Daar moet byvoorbeeld noukeurig gelet word op die keuse van die kostuums sodat dit die gees van die betrokke "toneel" kan weerspieël en ook almal pas (dit het dan inderdaad ook), verder word daar ure gespandeer aan die choreografie sodat ook dit kan meewerk om die produksie tot 'n geheel te omskep. Die beplanning van die dekor en beligting moet dan ook nie agterweë gelaat word nie omdat dit ook van kardinale belang is as mens in ag neem dat so 'n produksie 'n geweldige impak het op die visuele. Met so 'n produksie gaan daar natuurlik ook baie administratiewe werk vooraf wat gewoonlik min lof ontvang wanneer daar lof uit te dele is.

Die reklamewaarde wat Alabama het is nie in geld te meet nie. Só kom menige matrikulante na die PU met 'n Alabama-ideaal, veral as hulle eers kennis gemaak het met die lewenslustigheid, kleurvolheid en aanskoulikheid van die groepie studente.

Jans Jonker het goed daarin geslaag om die hoë standaard wat sy voorgangers daar gestel het, te handhaaf.

Veral die twee "tonele", oorlog en Broadway verdien spesiale vermelding. Dit was van 'n hoogs professionele gehalte vir sover dit die musiek, kostumering, keuse van liedere, beligting en die aanbieding in geheel aangaan. Veral die kostumering in die oorlog-deel het 'n sterk visuele aanslag gehad.

Soliste wat uitgesonder moet word vir hul puik vertolkings, is Lucille du Plessis vir haar vertolking van "Toemaar, die donker man" en die puik vertolking van die Nederlandse lied "Ik zou wellis willen weten" deur Danie Enslin. Sommige soliste het egter nie heeltemal die mas opgekom nie omdat hulle nog nie die mikrofoon leer hanteer het nie.

Alhoewel Alabama 'n unieke groep in die Afrikaanse musiekwêreld is ten opsigte van hul eie stem wat hulle die wêreld indra, kan daar tog gevra word of hulle nog nie met die nuwe stem in die Afrikaanse liriek kennis gemaak het nie. Die keuse van sommige van die stukke het weliswaar afbreuk gedoen aan geslaagdheid van die geheel. Hoe lyk dit met 'n bietjie kreatiwiteit uit die Alabama-geledere? Sekere van die liriek dateer uit 'n moeiliker tydvak in die Afrikaanse liriek, soos bv "Transvaal is weer in moeilikheid".

Die choreografie het plek-plek slordig vertoon. Die fout kan miskien gesoek word by die studente wat nie altyd die musiek en danse tegelyk kon baasraak nie en nie soseer hy die choreograwe nie.

Die komediante was plek-plek maar teleurstellend en hier is miskien groot ruimte vir verbetering.

Die feit bly egter staan dat Alabama in die geheel gesien, die moeite werd was om die hand in die sak te steek.


DIE WAPAD DIE WAPAD DIE WAPAD

**Vakature: Administratiewe Bestuurder (Halfdag)**

1. **Pligte**
   - behartig die administrasie van Die Wapad
   - is die kernredaksie, advertensiebestuurder en penningmeester behulpsaam in die uitvoering van hulle pligte
   - is behulpsaam met interne en eksterne skakeling
   - behartig die verspreiding van Die Wapad
2. **Werksomstandighede**
   Die Administratiewe Bestuurder
   - is direk verantwoordelik aan die Hoofredakteur
   - werk jaarliks vanaf die begin van die week voor die eerste uitgawe ter perse gaan tot die einde van die week waarin die laaste uitgawe verskyn
   - werk nie tydens amptelike universiteitsvakansies en eksamentye nie
   - moet 'n totaal van vyftien uur per week op vaste tye soos vooraf met die Hoofredakteur ooreengekom, werk, met dien verstande dat dit oor minstens vier dae van die week versprei word.
3. **Aanbevelings**
   - Vorige soortgelyke ondervinding
   - Kennis van administrasie en bestuurswerk
   - Kennis van en ondervinding in die georganiseerde studentelewe
   - Vaardigheid in tik
4. **Salaris en voordele**
   - Die salaris is R30,00 per week (slegs vir ure gewerk)
   - Benewens vakansie- en eksamentye word nog tien dae verlof per jaar toegestaan
5. **Diensaanvaarding**
   Die begin van 1981
6. **Aansoeke**
   - Knip die aansoekvorm uit en stuur dit voor Saterdag 11 Oktober 1980 aan: Die Redakteur, Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520.
   - Getuigskrifte en bewyse van kwalifikasies en ondervinding moet aangeheg word
   - Nadat die aansoek ontvang is, sal aansoekers genader word vir persoonlike onderhoude
   - Mans en dames is welkom om aansoek te doen
7. **Verdere inligting kan verkry word by:**
   Izak Minnaar
   Oude Molen w/s 108
   Molenstraat 83
   POTCHEFSTROOM
   Tel. 21576

Ek wil graag aansoek doen vir die pos van Administratiewe Bestuurder by Die Wapad. Hier is my besonderhede:

Naam: Mnr/Mev/Mej ........................................

Adres:.............................. Tel:..............................

Studentenommer:.................... Ouderdom:....................

Vorige ondervinding:........................................

........................................

Studierigting/beroep:........................................


# Collegium wenners hou konsert

**OP Donderdagaand, 18 September, het die pryswenners van die pas afgelope Collegium Musicum-kompetisie, 'n konsert in die Konservatoriumsaal aangebied.**

Die pryswenners is as volg:

SANG: André Howard, Betsie Smith en Mientjie Lubbe.

KLAVIER (Seniors): Annelie Strydom, Marthie Smith. (Juniors): Salome Schmidtz en André Hough.

ENSEMBLE (Seniors): Marthie Smith en Annelie Strydom. Annemarie van der Walt en Elsie Schutte. (Juniors): Olive Coetzee, Heleen Hough en André Hough.

ORKESINSTRUMENTE: Martha d'Assonville (hobo) en Millie d'Assonville (klarinet).

ORREL, Susan Yssel.

Die konsert is gekenmerk deur 'n hoë standaard wat deurgaans deur die pryswenners gehandhaaf is. Die Klaviertrio in D min (eerste beweging) van Mendelsohn; André Howard se vertolking van liedere van Beethoven en Brahms en die twee wenners van die senior afdeling in klavier, het getuig van artistieke volwassenheid.

Die konsert is op 'n hoogtepunt afgesluit deur Annelie Strydom en Martie Smith se vertolking van Milhaud se Scaramouche vir twee klaviere.

## Leipoldt-aand

**DIE Departement Afrikaans-Nederlands het in samewerking met die Akademie vir Wetenskap en Kuns, op Maandag 14 September 'n Leipoldt-aand in die A Restaurant van die Studentesentrum aangebied.**

By dié geleentheid het studente van die Departement Spraakleer en Drama verse van Leipoldt voorgedra. Hulle het ook 'n leesaanbieding van "Die laaste aand" aangebied.

Mnr Hein Viljoen van die Departement Afrikaans-Nederlands was die geleentheidspreker. In sy insiggewende toespraak het hy verskeie vreemde begrippe van Leioldt verduidelik.

Prof H Venter het na die lesing 'n dankwoord tot mnr Viljoen gerig.

Gereggies volgens resepte van Leipoldt is deur die Departement Huishoudkunde voorgesit wat die aand se verrigtinge afgesluit het.



● *Mariska Spoormaker aan die woord tydens Studenteparlement wat op Woensdag 17 September gehou is. Werner Eksteen (speaker) en Marina van Vuuren (hansardskrywer) kyk toe. Diskussies is gevoer oor damesstemreg in die SSR-verkiesing.*
*(Berig elders op bladsy)*

# Studenteparlement se struktuur gewysig

**Studenteparlement ondergaan 'n struktuurverandering om meer verteenwoordigend te wees.**

Die bestuur van Studenteparlement stel homself ten doel om Studenteparlement in die komende jaar baie formeel te laat lyk en te laat optree. Na die voorbeeld van die Studenteparlement op Stellenbosch, word die invoer van togas vir parlementslede en 'n vaandel beplan.

Daar word ook beoog om elke sitting van Studenteparlement 'n prestige geleentheid te maak, maar alle studente wat teenwoordig is sal nogtans kans hê om hulle menings te lug oor die betrokke aangeleentheid wat tydens die sitting bespreek word.

Studenteparlement sal die enigste studente-organisasie wees wat politieke uitsprake namens die PU kan maak. Dit is omdat die liggaam in 'n groot mate verteenwoordigend van die studente-massa is. Koshuisverteenwoordigers uit elke koshuis sal sitting hê as parlementslede.

Die uitsprake wat deur die Studenteparlement gemaak word, sal aan die SSR 'n aanduiding gee hoe die studente-massa oor sekere aangeleenthede voel.

Lede van die pers sal genooi word na die sitting om sodoende van die besluite na buite weer te gee.

Daar sal van koshuisverteenwoordigers verwag word om 'n meningsopname in sy koshuis te maak oor die aangeleentheid wat bespreek gaan word in die volgende Studenteparlementsitting. Sodoende kan die siening van die studente-massa die beste na vore gebring word.

# Brandpunt maak polities bewus

**BRANDPUNT, een van die onderliggame van Politiese Raad, se doel vir die nuwe termyn is onder andere om die Puk-student polities meer bewus te maak van die wêreld om hom.**

Lindie Steyn, die nuwe voorsitster van Brandpunt, sê sy is van voorneme om die funksionering van Brandpunt in die nuwe termyn meer effektief te maak. Diè besprekingsgroep sal hulle vanjaar weer toespits op interessante aktuele sake, soos uiteengesit deur outoriteite op hulle gebiede — dr P Mulder, dr D de Klerk, prof J J van Tonder, en prof C P van der Walt.

Lindie sê sy stel dit haar ten doel om die belangstellende Puk-student die geleentheid te gee om onderrig te ontvang, asook menings te wissel sodat sy politieke denke gestimuleer kan word en hy sy eie opinie aangaande aktuele sake kan vorm.

# Karnaval '81 beloof om groot te wees

**KARNAVAL '81 beloof om iets groot te wees, hoofsaaklik om die groot verandering in struktuur. Die hoogtepunt van die herstrukturering is onder andere sentralisering van alle karnavalaktiwiteite op die Fanie du Toit-sportterrein, met die uitsondering van die openingsaand, wat op die kampus plaasvind.**

Die karnavalkomitee wil graag 'n karnavalplaasatmosfeer op die Fanie du Toit skep, wat sal sorg vir gesonde ontspanning. Verskeie nuwe karnavalaksies en ou aksies wat nuut ingekleur is, word alreeds beplan deur die konvenors van Karnaval '81-komitee.

Karnaval-komitee '81 is ook besig om baanbrekerswerk te doen deur verskeie nuwe stelsels vir karnaval in werking te stel en sodoende te sorg dat aksies meer suksesvol gedurende karnaval aangebied word.

Dit sluit stelsels in soos:

- Rekenaarisering van alle karnaval-aksies, wat insluit kontrole van verkope, voorraad, kontant en ook die deurlopende stand van punte van die verskillende koshuise. Die stelsel kan tot gevolg hê dat finale puntestand 'n halfuur nadat die laaste karnavalaksie voltooi is, beskikbaar sal wees.
- Die skepping van 'n karnavalplaas, waar alle aksies sentraal sal plaasvind byvoorbeeld veldflieks, Mooirivierspele (sport en sports), gesentraliseerde vlotbou-gebied en ook moontlik 'n nasionale trapkarwedren op die eerste en enigste spesiaal geboude trapkarbaan. Uitsluitsel oor groter aksies in nog nie bereik nie.
- Van die vlotoptog 'n sukses te maak deur ook akademiese vereniging en 'n verteenwoordigende groep van die Suid-Afrikaanse Weermag (plaaslik) te oorweeg vir 'n vlotinskrywing.
- Mooirivierspele, spesifiek die boere-sport-afdeling, interuniversitêr aan te bied en sodoende die SAUK teenwoordig te kry. Die Vaalriviertak sal ook betrek word.
- Implementering van 'n HK-lid van elke koshuis van die Universiteit, wat ten volle verteenwoordiging op karnaval-komitee sal bekom en alle karnavalaksies (en sake) in sy koshuis sal hanteer.
- Die instel van 'n busroete van verskeie versamelpunte op die kampus na die karnavalplaas — spesifiek dan die vlotbougebied. Die diens sal gratis verskaf word vanaf 06h00 tot 24h00.
- Reklame- en inligtingsveldtog vir karnaval '81 vir 'n groter aantrekkingskrag na karnaval-aktiwiteite, deurgee van inligting, ook aan die publiek oor die presiese en uiteindelike doel van die grootskaalse fondsinsameling van karnaval. Hier het karnavalkomitee gedink aan ons eie karnavalblad, Die Pukkie Junior, wat aangewend sal word vir daardie doel.

# Studenteparlement praat oor damesstemreg

**ONBETROKKE damesstudente stem by SSR-verkiesings vir manskandidate met breë glimlagte en mooi gesigte.**

Dit was die groot strydpunt op die Studenteparlement van Woensdag 17 September wat gehandel het oor die feit of damesstudente stemreg vir die SSR moet hê of nie.

Daar is veral klem gelê op die onbetrokkenheid van damesstudente. Dit blyk uit die feit dat slegs 30% van die verenigings se bestuursposte deur dames gevul word. Die feit dat dames so onbetrokke by die studentelewe is, gee daartoe aanleiding dat hulle nie genoeg weet van die studentelewe om die vermoë te hê om 'n goeie stem vir die SSR-verkiesing uit te bring nie.

In reaksie hierteen is daar opgemerk dat dit nie net dames is wat hulle skuldig maak aan onbetrokkenheid nie, maar dat daar ook baie skuldiges onder die mansstudente is.

Dit is dus gruwelik onregverdig om as gevolg van veralgemening van onbetrokkenheid, dames hulle stemreg te ontneem. As onbetrokkenheid as norm geneem word, sal 'n groot persentasie van die mansstudente ook nie stemreg hê nie.

Na 'n hewige debat is die volgende mosies aanvaar:

1. a) Dat stemreg aan mans en dames op meriete toegeken moet word. b) Dat persone wat nie die nodige stemkwalifikasies het nie geen reg het om teen die SSR-uitsprake en -besluite te appeleer nie (Die mosie is algemeen aanvaar)

2. Dat by die volgende SSR-verkiesing die verkiesingslokale gedesentraliseer sal word (Die mosie is met 'n meerderheid van stemme aanvaar).

3. Aangesien onbetrokkenheid 'n groot probleem op die kampus is, en aangesien die probleem nie beperk is tot die dames op die kampus nie, spreek hierdie parlement hom uit: a) Teen die afskaffing van damesstemreg. b) Ten gunste van 'n positiewe poging om alle studente betrokke te kry, onder andere deur middel van desentralisasie (Die mosie is met 'n meerderheid van stemme aanvaar).

Die Studenteparlement spreek homself dus uit ten gunste van die stemregkwalifikasies van beide mans- en damesstudente. Die kwalifikasies vir stemreg is egter nie bespreek op hierdie sitting van studenteparlement nie.

# Kampus-Fokus weer gehou

**DIE jaarlikse Kampus-Fokus-kamp sal vanaf 19 Januarie 1981 by die Kultuursentrum naby Rustenburg gehou word. Dr Pieter Mulder sal waarskynlik weer as kursusleier optree.**

Volgens Mario Smith, SSR-lid vir Opleiding, sal die kamp aanvanklik net deur die SSR, die prims, die raadsvoorsitters, die Wapadredakteur en die Karnavalvoorsitter bygewoon word.

Die uitvoerende komitees van die rade, die verskillende koshuise se HK-lede en res van die SSR-komitees sal eers vanaf Woensdag, 21 Januarie, die kamp bywoon.

Mario Smith sê dat daar basies dieselfde program as by die vorige kampe gevolg sal word. Daar sal egter nie weer besluite oor oriëntering op die kamp geneem word nie, maar wel op die RKK-aand wat eersdaags gehou sal word.

## Skoonmaak

**Vir die skoonmaak van die administratiewe en akademiese geboue het die Raad besluit om van 'n skoonmaakdiens gebruik te maak.**

**Die kontrak is aan mnr Philip Malan-Skoonmaakdienste toegeken. Hierdie oorskakeling het reeds vanaf 2 September 1980 in werking getree.**

# Pukkies sluit vrolik af

**OP Woensdag, 17 September, het die Pukkies hul aktiwiteite vir die jaar op 'n vrolike noot afgesluit.**

Hulle het hul afskeidsfunksie in die vorm van 'n braaivleis op die Fanie du Toit-sportterrein gehou. Vir oulaas het 1980 se Pukkies bymekaar gekom. Dieselfde aand is die Pukkies se nuwe leidster vir 1981 gekies, naamlik Magel Weber. Die hulpleidster is Marinda Coetzee.

Die Pukkies was die beste wat dit nog ooit was op die PU. As hulle voortbou op dit wat hulle hierdie jaar gedoen het, kan dit alleen tot groter sukses lei. Ons kan trots wees daarop dat die Pukkies so 'n positiewe beeld kon uitdra, en die mense van buite nie met afkeur na hulle gekyk het nie. Die kleredrag veral, was baie goed. Die inisiatief en die maak van die klere het die Pukkies self gekom.

Die Pukkies se laaste optrede was tydens Yskor se karnaval op 6 September 1980.


MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM
en
SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT



Vir die jongste modes in skoene

OIP-105113




# Kafeteria lewer nou groter diens

**DIE kafeteria by die studentesentrum het vandeesweek met nog een van hulle proefnemings begin.**

'n Swartman verkoop elke dag lekkergoed en sigarette by die kantore in die administrasiegebou. Dit gee nou aan die personeel 'n kans om versnaperinge te koop sonder om die kantore te verlaat.

Mnr Momberg, die bestuurder van die kafeteria, het gesê dat hulle beoog om dié stelsel verder uit te brei na die koshuise. Die uitbreiding sal egter eers geskied as hulle seker is dat die proefneming geslaagd is.

# RAU dink oor biertuin

**OP ander universiteite word die wenslikheid van 'n biertuin tydens alle funksies en aangeleenthede ook heroorweeg.**

Die biertent by RAU se jool hierdie jaar, is skerp deur die SR gekritiseer. Veral die dames se gedrag het die SR se vertroue geskok. Die jooltent was walglik en onhigiënies en daar is ook kapsie gemaak teen die "vieslike vuil taal".

Daar bestaan 'n moontlikheid dat hierdie "moet" by die meeste feeste dalk sy laaste jaar op die RAU-kampus gehad het. Die moontlikheid van 'n koeffietent as alternatief word ondersoek.

(Die Perdeby, 12 September '80)

## Prims 1980



*● Bert Sorgdrager, primarius van Villagers vir 1981. Hy was gedurende 1978 ook op die HK, 1979 primarius en in 1980 was hy op die SSR. Bert is tans besig met LLB I en beplan om volgendejaar aan te gaan met LLB II.*



*● Louise Venter, primaria van Klawerhof vir 1981. Sy was hoofmeisie van Hugenote Hoërskool op Springs en het daar op die junior Stadsraad gedien. Louise doen vanjaar BA III en wil volgende jaar haar HOD doen.*



*● Oppikant se primarius vir 1981 is Barend Kirsten. Hy was ook gedurende 1980 primarius van Oppikant. Barend voltooi hierdie jaar B. Juris III.*


# JONGMENSE DINK VANDAG ANDERS OOR BANKE.

# HIER'S 'N BANK WAT ANDERS DINK OOR JONGMENSE.




Kom ons praat reguit. As nugtere bankmense wat maar altyd sekuriteitsbewus is, het ons vaagweg aan die jeug gedink as die leiers van môre.

Maar dit het verander.

Want die jeug het verander ...altans, die Suid-Afrikaanse jeug.

Ons jongmense het die uitdaging van 'n vyandige wêreld aanvaar en hulle is die mense wat op haas elke terrein die boonste sport bereik.

Op die sportveld, op akademiese gebied, die handel, in die vervaardigingswêreld, op landbougebied ... maar bowenal op die grens waar ons land en sy mense verdedig word.

Ons by Volkskas glo dat ons moet luister na die probleem van enige jongmens wat by ons instap.

Ons weet vandag se jeug is môre se leiers en ons wil ons deel doen om hulle daar te kry – kom bespreek u geldprobleme met ons.

**BANK SUID-AFRIKAANS** Volkskas

(Geregistreerde Handelsbank)
KMP 5451/a



● *Lede van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese verkeer hier in 'n gesellige luim tydens 'n kaas-en-wynfunksie ná afloop van die algemene jaarvergadering.*



● *Monika Krampitz, Orna Kemp en David Swanepoel, lede van die ou en nuwe bestuur van die Studente Biblioteekvereniging tydens 'n funksie na afloop van die vergadering van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese.*



● *'n Gewese primarius van Heimat, Eric Coetzee en sy metgesel, Dorothea Visser van Kulu verskyn hier saam met die huidige primarius, Deon Lartz en sy metgesel, Marie de Bruin van Karlien tydens Heimat se dinee.*



● *Die Hombré-manne van gang ses en die "Penniless" dames van Wag-'n-Bietjie in gesellige luim tydens 'n kaas-en-wyn-aksie. Van links is Attie Steyn, Annatjie Cloete, Heinrich Brand, Piet Burgers, Anton Dicks en Anjoma Jordaan.*



● *Op Saterdag 13 September, het die oud inwoners van die afgelope tien jaar van Heide reünie gehou. Die middag is die oud inwoners in die sitkamer verwelkom en daarna is hulle deur mnr Johan Aucamp op 'n kort besigtigingstoer geneem. Die aand is met 'n skemerkelkie en 'n vingerete afgesluit, waarna almal na Alabama gaan luister het. Hier verskyn die primariae van die afgelope agt jaar. Agter van links na regs is Karen van Wyk (Schellnus) 1978, Alvira Ferreira (Marx) 1973, en Gertruida Malan 1977. Voor van links na regs is Almarien Smith (Vorster) 1972, Chrisel Azar (Von Weilligh) 1974, Mara Kriel 1979 en Christien Fourie 1980.*



# Oulike koppies vir sleeptyd



en ta le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop

TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

● *Junel van Lingen van die Stellenbosch-Boerewynmakery, het deur die loop van verlede week koshuise toegespreek en hulle verskeidenheid produkte bekend gestel. Die dames is onderrig in die doeltreffende wynproe-metodes. Wynproeterme val natuurlikerwys in vier hoofkategorieë, naamlik voorkoms, kleur, reuk en smaak. Droë witwyn is die lekkerste saam met vis en pluimvee, droë rooi met die swaarder vleise en soet witwyn met nagereg.*

# Regsstudente hou makietie

**VERLEDE Vrydagaand is makiete gehou toe die regstudente van die PU hul jaarlikse afskeidsdinee in die Oribi-restaurant gehad het.**

Daar is op 'n gesellige wyse afskeid geneem van die finale jaar LLB- en B.Proc-studente.

Advokaat Johan Kriegler, senior advokaat van die Johannesburgse balie, het as gasspreker by die geleentheid opgetree. Advokaat Kriegler het menseregte toegelig en gewys op die verantwoordelikheid van die juris — veral in die praktyk. Volgens hom moet die juris dikwels bereid wees om "ongewilde dinge te sê en te doen".

Mnr Josef Krüger het ook by die geleentheid 'n foto van die finale jaarstudente aan prof Scott, adjunk-dekaan van die Regsfakulteit, oorhandig.

Die aand is verder gesellig deurgebring op 'n wyse eie aan die Regsfakulteit . . .

# Kultuurraad vergaderings

**DIE Kultuurraad het die tye van hul vergaderings uitgestip.**

**Hulle hou elke Maandag om 13h15 'n Dagbestuur-vergadering. Daar word ook beoog om elke eerste Dinsdag-aand van die maand 'n volle Kultuurraadsvergadering te hou. Daar moet asseblief kennis geneem word van hierdie reëling.**


# guys & dolls

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.




# Koshuisrugby raak "Sharp" met nuwe borg

**KOSHUISRUGBY het verlede week 'n inspuiting gekry deur Sharp Electronics wat R3 000 aan koshuisrugby geskenk het. Die geld sal uitsluitlik vir die verbetering van koshuisrugby gebruik word.**

Sharp Electronics het verlede jaar begin om koshuisrugby te borg. Die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Pretoria en Universiteit van Oranje Vrystaat het reeds verlede jaar elkeen 'n borg van R3 000 ontvang. Vanjaar word behalwe bogenoemde universiteite, ook die Randse Afrikaanse Universiteit, Universiteit van Kaapstad en onsself geborg.

Die doel van die borgskap is om koshuisrugby te verbeter, omdat dit die basis van Suid-Afrikaanse rugby is. Sharp Electronics het verskeie sportsoorte oorweeg om te borg, maar het op koshuisrugby besluit. Hulle meen dat dit die beste manier is om iets in die gemeenskap terug te ploeg, want dit is juis die mense wat die maatskappy steun.

Volgende jaar gaan 'n nasionale koshuisrugbyreeks gehou word. Die wenners van die verskillende universiteite se koshuisliga's, sal in die reeks teen mekaar speel om die wenner van die beste koshuisrugbyspan in die land aan te wys. Die onkostes sal ook op 'n rand-vir-rand basis deur Sharp Electronics gedek word.

Caput, wat vanjaar se koshuisliga gewen het, het die Sharp-skild verlede Maandagaand ontvang. Mnr Colly Fran, voorsitter van Sharp Electronics het die skild aan Jannie van Heerden, Caput se kaptein, oorhandig. Mnr Fran en ses verteenwoordigers van sy maatskappy het die eindstryd tussen Caput en Over de Voor bygewoon. Hulle was baie beïndruk met die gehalte van die spel en ook deur die aantal toeskouers wat die wedstryd bygewoon het. Om sy welwillendheid teenoor die PU verder te wys, het hy 'n bykomende R3 000 geskenk. Mnr Fran het ook te kenne gegee dat hulle bereid is om 'n telbord op die Fanie du Toit-sportterrein te borg.

Mnr Dirk de Vos, afrigter van die PU se eerste span, het dieselfde aand gesê dat die wenners van die koshuisrugbyliga van die Universiteit van Pretoria, ons wenners uitgedaag het. Die wedstryd sal Maandag 29 September om 16h30 op die Fanie du Toit-sportterrein plaasvind. Dit sal die hoogtepunt van die Lentedag wees.




● *Mnr Colly Fran en prof Tjaart van der Walt oorhandig die Sharpskild aan Caput se rugbykaptein, Jannie van Heerden, en Percy du Toit tydens die onthaal waar Sharp Electronics R3 000 aan koshuisrugby oorhandig het. 'n Verdere R3 000 is aan die universiteit oorhandig om die maatskappy se welwillendheid teenoor die PU te toon.*

# Atletiek: Koshuisliga uitslae

**AL drie koshuisliga's is afgehandel en baie goeie prestasies is gelewer, veral vir dié tyd van die seisoen. Die liga's wat begin is met swak bywoning van toeskouers en atlete, het teen die laaste liga eers vlam gevat. Die finale puntestand van koshuise is:**

400 m hekkies: J.v.d. Walt Caput 54,44 sek.
100 m: C. Botha Over de Voor 10,9 sek.
1 500 m: S Greyling Over de Voor 4 min 0,2 sek.
400 m: G Grey Amajuba 50,39 sek.
400 m: F Kotze Drakenstein 50,4 sek.

Dames Hoogspring: N Barnard Oosterhof 1,66 m
Skyfwerp: S d Villiers Karlien 42,19 m
Verspring: I Campher Dinki 6,92 m
400 m hekkies: L Smit Oosterhof 62,5 sek.
110 m: P Fourie Oosterhof 12,1 sek
1 500 m: M Buys Karlien 5 min 04,5 sek.
400 m: P Fourie Oosterhof 55,7 sek.

| MANS: | | DAMES: | |
|---|---|---|---|
| 1. Over de Voor | 1555 | 1. Oosterhof | 940 |
| 2. Amajuba | 1335 | 2. Dinki | 795 |
| 3. Caput | 960 | 3. Karlien | 625 |
| 4. Hombre | 725 | 4. Heide | 610 |
| 5. Dawie du Plessis | 660 | 5. Wanda | 515 |
| 6. Drakenstein | 445 | 6. Kasteel | 335 |
| 7. Klooster | 230 | 7. Wag 'n bietjie | 225 |
| 8. Villagers | 40 | 8. Klawerhof | 110 |
| | | 9. Vergeet my nie | 60 |

Die uitslae van die C-liga is:
Mans Hoogspring: D Marx Hombré 1,90 m
Skyfwerp: P Goosen Oppikant 53,40 m
Verspring: C Botha Over de Voor 6,89 m

# Caput wen die oorkoepelende liga

**SAAMBOU NASIONAAL bied jaarliks 'n Sportprys vir die wenners van die oorkoepelende koshuisliga's aan. Sestien sportklubs het koshuisliga's aangebied en die finale puntestand van die koshuise is soos volg:**

| MANS: | |
|---|---|
| 1. Caput | 158 |
| 2. Over de Voor | 110 |
| 3. Villagers | 88 |
| 4. Hombré | 78 |
| 5. Klooster | 74 |
| 6. Dawie du Plessis | 60 |
| 7. Drakenstein | 48 |
| 8. Amajuba | 40 |
| 7. Kulu | 36 |
| 8. Heide | 28 |
| 9. Oosterhof | 16 |

| DAMES: | |
|---|---|
| 1. Vergeet my nie | 82 |
| 2. Karlien | 68 |
| 3. Wanda | 62 |
| 4. Dinki | 54 |
| 5. Klawerhof | 46 |
| 6. Wag 'n bietjie | 38 |
| 6. Kasteel | 38 |

**Die prys van R750 wat deur Saambou Nasionaal geskenk is, word soos volg verdeel:**

MANS:
1. Caput R175
2. Over de Voor R125
3. Villagers R75

DAMES:
1. Vergeet my nie R175
2. Karlien R125
3. Wanda R75

# Judo

**LEDE van PU-judoklub het in die afgelope Wes-Transvaalse proewe besonder goed gevaar. Die volgende lede is gekies om van 9 tot 12 Oktober aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem:**

JUNIORS: A Raadts; J Raadts; H Brits.
SENIORS: Huibrecht Kriel; Charl Botes; Thys Storm; T Papararnoroa.

Van die groot geeste in die span is Ronel Campher (Springbok) ontvanger van 'n ere-Staatspresidents-toekenning. Vir Hugo Pienaar, B Boshoff en Charl Botes, aldrie Junior Springbokke, lê daar sterk kompetisie voor. Hulle mededingers het onder andere kursusse in Japan en Wes-Duitsland deurloop.

# Kortsport

## Krieket

Gedurende 'n vriendskaplike wedstryd tussen die PU en Oostelikes op 19 en 20 September, het die PU gewen. Die wedstryd het op die Fanie du Toit-sportterrein plaasgevind. Die tuisspan het 157 lopies vir 3 paaltjies gekry. Oostelikes was almal uit vir 155 lopies. Hulle het eerste gekolf.

Paul van Heerden het die meeste lopies aangeteken. Hy het 69 van die 157 lopies van die PU-span aangeteken. Die beste boulwerk is deur Pieter de Haas gedoen, hy het 3 paaltjies vir 65 lopies laat kantel. Oor die algemeen was die boulwerk van hoogstaande gehalte.

Die Wes-Transvaalse liga's begin 27 September en drie PU-spanne is ingeskryf.

## Muurbal

Die PU ope-muurbalkampioenskappe is afgehandel en die uitslae is soos volg:

Die damesafdeling is gewen deur Louise le Roux en Anet Theron is die naaswenner. Ronel Berg het die derde plek beklee en Maretha Delport was vierde.

Die mansafdeling is gewen deur Johan Schoeman. Eddy Schoch het die tweede plek beklee. Jan Theunissen en Jim van Zyl was albei derde.

## Sportafrigters

Alle sportafrigters moet op 13 Oktober of 15 Oktober om 15h00 by die senaatsaal opdaag om vraelyste in te vul! Dinsdag 7 Oktober om 13h00 moet alle klubvoorsitters wat in 1980 gefungeer het, ook by die senaatsaal vergader om vraelyste in te vul. Dis belangrik dat almal daar moet wees — die doel van die vraelyste is om sport op die PU te verbeter.

# Aikido verdien nuwe gordels

**DIE Aikidoklub het Saterdag, 13 September, sy tweede gradering vir die jaar gehad. Die hoofinstrukteur van die nasionale Aikido-liggaam in Suid-Afrika het dit waargeneem en die Pukke het weer baie geleer. Die standaard van die klub was weereens baie hoog, alhoewel dit nie weer die peil van ons vorige gradering dié jaar kon bereik nie. Daar was egter baie beginners wat vir die eerste keer hulle staal kon wys en die toekoms kan nog baie hoogtepunte oplewer.**

Daar was altesaam sestien persone wat nuwe gordels verdien het, waaronder vyf dames was. Vir die eerste keer in die Aikidoklub se geskiedenis het 'n dame die hoogste punte van die dag behaal. Hanlie van Niekerk spog met 'n gemiddeld van 78%. Die huidige klubkampioen, Annies Annendale, het sy titel behou deurdat hy die klublid was wat die hoogste gemiddeld gedurende die jaar gehandhaaf het. Hy is ook die leerling met die hoogste gordel in die klub.

Die finale uitslag was dat daar nege geel gordels toegeken is, ses oranje gordels en een groen gordel. Die sestien kandidate wat geslaag het, is die meeste wat nog deur die Aikidoklub op een gradering behaal is.